



# KNAPSAK

---

In samewerking  
met die



**UITGAWE 46 | MAART 2023**

**IN HIERDIE UITGAWE :**

---

- NUWE MISIE EN STREWE
- AKSIES
- ALGEMENE INLIGTING



Ons is nuut op Instagram beskikbaar.  
Volg ons.

## ONS VISIE EN MISIE

ONS VISIE IS OM DIE AFRIKANER, SY TAAL EN KULTUUR VOORTDUREND VOORT TE BOU EN TE BEVORDER.

---

**Die Rapportryerbeweging is 'n nie-politiese organisasie wat die Afrikanergemeenskap wil inspireer tot:**

- Die uitleef van 'n Christelike lewens-en wêreldbeskouing
- Selfstandigheid op alle lewensterreine
- Samehorigheid in die gemeenskap
- 'n Gesonde selfbeeld tot voordeel van alle Suid-Afrikaners

## DOEL EN STREWE

**'N RAPPORTRYER IS 'N AFRIKANER MET CHRISTELIKE WAARDES EN GELOOFSOORTUIGINGS, WAT GOD-DRIE-ENIG AS SY/HAAAR GOD ERKEN EN DIE BYBEL AS RIGTINGWYSER VIR DIE DAAGLIKSE LEWE GEBRUIK.**

---

- 'n Standvastige en opwindende kultuurleefruimte vir die Afrikaner te skep;
- Afrikaans as moedertaal op alle terreine te bewaar en te bevorder;
- Ons tradisies en waardes uit te leef en voort te bou daarop;
- Eenheid te bring onder Afrikaners deur sosiale geleenthede te reël waar hegte vriendskappe gevorm word;
- Ons gemeenskap te dien
- Met harmonie en verdraagsaamheid te werk gaan teenoor ons medemens;
- Om 'n trots te kweek vir Afrikanerskap, ons erfenis en kultuur te bewaar en om ander Afrikaners te inspireer en hoop te gee vir die toekoms;
- Lojaliteit en liefde vir Suid-Afrika te kweek onder die Afrikaners en Suid-Afrikaners.

# AKSIES

## DANIE THERON RAPPORTRYERS



### **DANIE THERON STEL TWEE NUWE LEDE IN :**

---

Tommy Robertson

Pieter Britz



### **BESTUURSLEDE :**

---

Van links is Tommy Robertson (Sekretaris),  
Marius Nagel (Voorsitter), Pieter Britz (Tesourier)

## NEWCASTLE RAPPORTRYERS



Van links is Steven Alberts, Hein Steenkamp,  
Fanus Bergh (Voorsitter), Rudi du Plessis,  
CJ de Haas



# AKSIES



## **NUWE BESTUUR VAN LINKS:**

---

Johan Scheepers, Guillaume Jansen van Rensburg, Fanus Bergh (Voorsitter), Thys Joubert, Leon Nel (Tesourier), Andre Annandale (Onder Voorsitter), Casper Franken (Sekretaris)

## **NEWCASTLE RAPPORTRYERS SE WATERTAFEL VIR DIE BATTLEFIELDS MARATHON**

---



# AKSIES

## JAKARANDA RAPPORTRYERS

**DIE RAPPORTRYERS VAN JAKARANDA IN PRETORIA, HET 'N BAIE GESELLIGE BRAAI AANGEBIED BY HUIS HERMON OUETEHUIS IN PRETORIA-NOORD.**



## OMARAMBA- NAWEEK



**Van die naweekgangers, gesellig saam.**

V.L.N.R. Shan Crafford,  
Heidi de Kock, Charles Patterson,  
Andre Botha, Johan Roos, Johan Matthee.

V.L.N.R. Andre Botha, Shan Crafford,  
Cilliers de Kock



Jana Haefele



## RAPPORTRYERS SE RAAD TE UDOLPHO, VAN LINKS :

Riaan (gas), Neil, Pieter, Henk, Johan,  
Johann, David, Werner en Cilliers.

**GOEIE VOORUITSIGTE, GOEIE GEES!**



# ALGEMEEN

## NUWE VERRIGTINGE TE VOORTREKKERMONUMENT TERREIN

Ons planne om 'n gebou op die terrein op te rig, kry nou gestalte en baie nuwe dinge is in die pyplyn. Hou ons dop!

## BYBELVASVRA-BESKERMHEER

Dit is met absolute trots dat die RRB-raad en RRB Bybelvasvra-projekspan, aankondig dat dr Danie Langner ingewillig het om as Beskermheer van ons nasionale vlagskip projek, die Bybelvasvra, op te tree.

Daar bestaan geen twyfel nie, niemand beter kon ons aanstel nie. Mag ons samewerking met dr Langer ook op die vlak, dieselfde hoogtes bereik as met die RRB in die algemeen.

## BYBELVASVRA 2023

**Inskrywings is nou oop!**

*REGISTRASIE SLUIT 30 JUNIE 2023*

- LEERLINGE VAN GR.6-10
- VRAESTEL BESTAAN UIT: MULTIKEUSE, KORTVRAE, PASMAATS, BLOKRAAI, VERS VOLTOOI EN SNELSOEK
- VRAESTELLE WORD OP HARDE KOPIEË GESKRYF
- EEN UITDUNRONDTE EN EEN FINAAL



**REGISTRASIE**

DR. HENNIE SCHMIDT

084 603 6037

[rbbbybelvasvra@gmail.com](mailto:rbbbybelvasvra@gmail.com)

# ALGEMEEN

## RRB LANDSBERAAD 2024

---

Vandag oor 'n jaar, is die Landsberaad 2024 iets van die verlede.

Die datum vir die Landsberaad is, 8-10 Maart 2024.

Die Landsberaad word deur die Rapportryers van Graaff Reinet aangebied. Die Landsberaad beloof om werklik een van die lekkerste, in die geskiedkundige dorp, te wees.

'n Beroep word reeds nou op RRB-takke gedoen om alles in hul vermoë te doen om die Landsberaad by te woon. Fonds insameling projekte kan geloods word, om dit vir lede moontlik te maak om tydens die Landsberaad teenwoordig te wees.

## RRB MODERNISERING EN KORPORATIEWE IDENTITEIT.

---

Ten einde in belang van die RRB te handel en 'n gesonde beeld daar te stel, het die RRB-raad dit goedgevind om van kundiges te verneem wat kan en wat moet die RRB doen. Die tyd het aangebreek om te moderniseer en om te kyk na ons korporatiewe identiteit.

Nuut aangestelde bemarker, Jana Haefele, het kantoorspasie ontvang deur dr Danie Langner, in die Erfenisentrum.

10-12 Maart 2023, het die RRB-raad hul jaarlikse vergadering gehou te FAK-rivierplaas, Udolpho, Parys. Die fasiliteite word jaarliks aan die RRB beskikbaar gestel vir gebruik.

Dit is van kritiese belang dat ons verneem wat die ander organisasies en instellings doen ten einde hul ledetal te verbeter. 'n Wenplan is 'n lekker plan!

In die uitgawe van die Knapsak sal gesien word hou die RRB-embleem geringe veranderinge ondergaan. Ook ons Strewe, Misie en Visie is aangepas. Die eenparige gevoel van die RRB-raad is dat die aanpassings werklik baie mooi en sinvol is, en veranderinge eenparig deur die RRB-raad goedgekeur. Die RRB-webblad sal derhalwe aangepas word en ook die webblad sal veranderinge ondergaan.

Die RRB-raad het ook finaal besluit dat weggedoen word met die woord "korpse", die woord sal voortaan vervang word met "takke".

## NUWE LEDE EN TAKSTIGTING

---

Sodra ons 5 of meer lede in 'n dorp/stad het: stig 'n tak! Kom laat ons die ledetal so groei dat tak op tak gestig moet word, Samekoms en samesyn moet sinoniem met mekaar gaan. Niks is lekkerder as om 'n RRB-lid te wees nie!



## UIT DIE STOEL VAN DIE PRESIDENT

---

"IN WATTER TAAL KAN JY NOG SÊ, WAT IS  
LEKKERDER AS DIE LEKKERSTE LEKKER?"

---

- CJ. Langenhoven

